Rembrandtsingel 14, Panorama, Parow 7500 021 930 3100

PAROW PANORAMA
God roep ons › God stuur ons

# QUATTRO

Oktober – November 2019

## Lente-Gebed

Dierbare Skeppervader
Dankie vir hierdie oomblikke in u Teenwoordigheid – U wat die wonderlike heelal geskep het. Ek weet sonder twyfel dat U met aandag na my luister. Vandag bring ek vir U 'n ruiker. Verheerlik ek u Naam met hierdie dankie-sê-blomme uit u Tuin van Goedheid, Guns, Genade en eindelose Liefde. Vroegoggend blom die aalwynkerse u Lig in ons harte in.

Later kelk die jolige daisies hul gesiggies oop om ú warm strale van Liefde vir ons op te vang. Intussen beef die bewertjies uit Ontsag en Eerbied vir u Grootheid, u Alwysheid en u Almag. "Kyk wie is ek!" pronk die pronkertjie. "Mý naam staan in Jesus se hand! Ek is Sýne!" Daar eenkant, die statige kraanvoëlblom. 'n Trotse Koningskind ...

Die geharde, persblou vygies het net 'n páár hemeldruppels nodig om te wys dat géén droogte hulle van die Liefde van God sal skei nie.

Die geel afrikanertjies slaan oral op. Hulle oorleef gewillig in troebel-tye – met Jesus die Trooster, en Kom-na-My-toe. In blinkvet-tye weer seën Hy met sy Genadige Oorvloed. Uit morsige modderwater groei die ongeskonde varkblom met die reinheid van 'n hart, witter as sneeu. Die vergeet-my-nietjie laat my áltyd onthou dat God my nóóit óóit sal vergeet óf verlaat nie! En dan, die trossie witgeel frangipani-blommetjies. Húlle is die wierook van die Heilige Gees se Immerteenwoordigheid in ons lewens. Dág en nág hang die geur van sy nabyheid om ons…

Om híérdie blomme uit u Hand, bind ek nou 'n goue koord: óók om elke gemeentelid wat in u geborge, gekoesterde omarming in Panorama blom.

Met hierdie ruiker wil ons vir U sê:

Dankie, Here!
Ons het U lief.
U is alles wat ons nodig het.
Amen

Loreinne Fryer
1 September 2019



## HIERDIE KWARTAAL:


- Lente-Gebed
- Drie Hoera's
- Eiendomskommissie
- Kersfees in November
- Lesotho-Inreik 2019
- Gemeentekamp
- Dames Lente-tee
- Kerkraad
- #Ek Bly

# Drie hoera's vir die mense van die Palms!

Ja, hulle verdien voorwaar 'n handeklap. En drie hoera's. Want hulle is so dapper. En gesellig. En vriendelik.

Dit is my voorreg om van die begin van Julie af in hulle geselskap te verkeer. Hulle het my as vreemdeling met soveel hartlikheid omhels dat ek nie anders kon as om dadelik tuis te voel nie. Oral word ek met ooglopende gasvryheid ontvang. Hulle gesels graag. Vertel met oorgawe hulle lewensverhale. En van al hulle skete en kwale. Mens kan maar net sit en luister. En hier en daar 'n vraag vra. Om dan die gesprek af te sluit met 'n woordjie uit die Woord en 'n gebed.

Die jarelange geestelike en pastorale bediening van ons lidmate in Panorama Palms spreek boekdele van die welwillendheid van die kerkraad. Parow-Panorama is 'n gemeente met 'n sagte hart vir senior lidmate. Die feit dat hulle nou reeds vir etlike dekades 'n vaste termynpos vir die Palms finansier is die onomstootlike bewys van hulle welwillendheid. En daarvoor sê ons baie dankie.

Die bedieningstruktuur by die Palms is in die jongste tyd ietwat aangepas ten einde by die kerkordelike voorskrifte aan te pas. Die huidige leierskorps van die Palms wat as 'n kerkraad funksioneer het, is herbenoem. Hulle staan nou as 'n wyksraad bekend. Wyksleiers/-werkers en dienswerkers doen diens in die wyke. Dit is 'n klompie pligsgetroue werkers wat met deernis na die behoeftes van die wykslede omsien. Hulle kom elke Sondagoggend voor die erediens in die "konsistorie" (snoekerkamer) bymekaar om onder leiding van die voorsitter, Alta Fourie, die aankondigings te finaliseer en saam te bid. Die wyksraad vergader minstens een maal per kwartaal.

Die eredienste is 'n baie aangename ervaring. Ons sing hartlik saam voordat die erediens begin. Engela Smith is ons begeleier. Die erediens is kort en saaklik. Want ons moet rekening hou met die behoeftes en omstandighede van die kerkgangers. In die jongste tyd het ons begin om in te skakel by die preekreekse wat deur ds Francois-hulle in die kerk aangebied word. Verder probeer ons om die nagmaalsgeleenthede te sinkroniseer sodat die nagmaal op dieselfde Sondag in die kerk en by die Palms bedien word. Na afloop van die erediens bedien ons die verswakte bejaardes in die siekeboeg met 'n kort woord uit die Skrif. Die nagmaal word ook met groot deernis aan hulle bedien. Die biduurbyeenkomste is net so aangenaam. Ons sing heerlik saam uit 'n Halleluja-sangbundel. En oordink die Woord met groot erns, om daarna met net soveel erns saam te bid.

Ons doen alles in ons vermoë om die lidmate van die Palms met die res van die gemeente in aanraking te bring. Ons beplan verskillende projekte om hierdie ideaal te verwesenlik.

Kom loer gerus in by die **inwoners van die Palms!** Hulle het 'n groot behoefte aan julle liefde en belangstelling. Skakel met een van ons dominees indien jy gewillig is om ons lidmate op een of ander wyse met jou gawes te bedien. Ons sal dit baie waardeer.

Andrie Kilian





# EIENDOMSKOMMISSIE



**Matteus 7 vertel ons van die twee fondamente waarop ons ons huis kan bou. Net soos die verstandige man wat sy huis op rots bou, het ons ook baie wysheid nodig om die gemeente se "huis" in stand te hou en te bestuur as 'n veilige ruimte waar almal welkom voel.**

Die Eiendomskommissie (Eiendomme) bestaan op die oomblik uit 4 lede en vergader een keer per kwartaal. Ons is verantwoordelik vir die instand-houding en opknapping van eiendomme in die kerk se besit. Dit sluit noodwendig soms kapitaalprojekte in, soos die verbetering van die toiletgeriewe in 2018.

Met die droogte van 2017/18 het die tuin se toestand baie verswak. Ons is op die oomblik besig om daaraan aandag te gee en die moontlikheid van 'n boorgat te ondersoek. Ons is dankbaar vir vrywilligers wat ons hiermee help. Ander onlangse projekte was die herstel van gedeeltes van die kerk se parkeerarea en die vervanging van die klankmengbank in die kerk met 'n digitale een.

Al die lede van Eiendomme beskik oor kennis en vaardighede in die eiendoms- of bou-industrie. Daar word baie noukeurig te werk gegaan met groot projekte voordat dit aan die kerkraad voorgelê word vir goedkeuring. Die kerkgebou is meer as 40 jaar oud en ons is baie bewus dat besteding aan sekere komponente 'n realiteit is. Dit sluit in die opknapping van ons kombuis en moederskamer. In lyn met die kerkraad se visie om Parow-Panorama 'n gemeenskapskerk te maak is daar ook reeds beplanning vir 'n "nuwe" liturgiese ruimte, veranderinge aan die voetbruggie en moontlike veranderinge aan die saal/kombuis.

Ons glo ons is 'n werktuig in God se hand om ook ons "huis" op die Rots te bou. U voorbidding en ondersteuning word opreg waardeer.

Vrede

Seyffert Fourie
Voorsitter



# KERSFEES IN NOVEMBER

Op Sondag 3 November het ons gemeente die geleentheid gehad om die blaasorkes van die Hoër Tegniese Skool (HTS) Drostdy in Worcester by ons te verwelkom. Hulle het tydens die oggend-erediens in die kerk opgetree.

Die program wat hulle aangebied het, het 'n Kerstema wat individuele items, asook gemeente-samesang van Kersfeesliedere ingesluit. Almal wat die diens bygewoon het, het dit geniet en die geleentheid gebruik om solank in die gees van Kersfees te kom.

Ons gemeente se eie Kerssangdiens sal op Sondag 1 Desember om 19:30 plaasvind. Die bekroonde "8 Misses Croon", 'n dames acapella-groep, sal by hierdie geleentheid optree. Hulle sang is van hoogstaande gehalte – hulle het al by die Woordfees opgetree en van hulle liedere kan gereeld oor RSG gehoor word. Ons is baie bevoorreg om hulle in ons program te kan insluit.

Die res van die program sal, soos gewoonlik, items van ons kinders, gemeentelede, ons kerkkoor en samesang insluit.

Charlene Eksteen



# Lesotho-inreik 2019


Dit is nie aldag wat ek 2 uur die oggend moet opstaan om seker te maak dat ons die grenspos oop kry na ‘n 15-uurlange pad nie. En al het ons so vroeg in die pad geval, arriveer ons nog steeds teen skemer by die grenspos. ‘n Mens sou dink dat dit ons ‘n hele tydjie sou neem om as groep oor die grens te gaan, maar nee, ek is aangenaam verras oor die tempo waarteen ons beweeg het – dalk is dit omdat ons net voor toemaaktyd op hul stoep beland het.

Die grenspos is immers nie ons grootste vrees nie, nee, dit is die ongemerkte spoed-hobbels wat onaangedui oor die 80 km/h pad lê. Almal in die voertuig sit soos meerkatte die pad en dophou en die eerste een wat “hobbel” skree, wen die dankbaarheidprys.

Ons kom donker by ons bestemming aan – maar die harte van die mense wat ons ontvang, is nie donker nie. Dit is net glimlagte van oor-tot-oor en ‘n lekker warm hoenderdis wat ons aan die anderkant ontvang. Hierdie jaar het die mense in Lesotho ons verwagtinge oortref met hulle gasvryheid en liefde vir ons.

Ons gaan altyd met die idee dat ons ‘n verskil maak in die lewens van die mense in Lesotho, selfs met die idee dat ons hulle iets gaan leer, of om hulle lewe beter en makliker te maak deur kaste en rakke in te sit. Alhoewel dit die geval is, voel hierdie meer en meer vir my soos ‘n "inreik" eerder as ‘n "uitreik". Dit voel amper vir my asof ek meer leer by hierdie mense as hulle by my. Dit voel vir my asof die Here harder met my werk as met die mense van Lesotho – en ek dink dit is hoe groot God se seën is – so groot dat beide partye wegstap met vol harte.

Die "inreik" na Lesotho is vir my persoonlik een van die hoogtepunte van die jaar – ja, dit is koud en ver, maar ek kom altyd terug met die besef dat God in beheer is, al voel dit of lyk dit nie altyd so nie. Ek word herinner aan Jesus se woorde aan Paulus: “My genade is genoeg vir jou.” Ja, sy genade is genoeg vir ons, en al is ons klein en swak, kies Hy om deur ons te werk om ‘n verskil te maak.



# Lesotho-Inreik 2019

Ek het talle gesprekke met spanlede gehad waar hulle bietjie oor geestelike kwessies gepraat en hulle struikeling gedeel het. Die Kerk is groter as net ons gebou – daar is mense wat anders as ons lyk, praat en kerk hou – maar ons het een ding in gemeen – die liefde en genade van Jesus Christus.

Die Lesotho-span het wel 'n paar praktiese takies verrig terwyl ons daar was. Ons het saam met 'n kerk van Oos-Londen 'n "holiday club" gehou waar 350 kinders vanaf die vallei gekom het om te leer van Jesus. Ons het kaste en rakke gebou vir kos en klere wat die sendingstasie aan die mense versprei, en ons het selfs kans gekry om 'n ekstra stort vir hulle in te sit. Daar was 'n geleentheid waar ons 'n stukkie pad kon herstel, sowel as om 'n ou tannie se huis te gaan pleister. Hierdie was alles geleenthede waar ons Jesus-liefde kon deel met ons broers en susters. Pieter (hoof van stasie) was verstom oor ons kerk se vrygewigheid – sy woorde was: "Ek weet nie wat om te sê nie, ek weet nie hoe om dankie te sê nie, julle gesindheid is amazing."

Dit is waaroor kerk vir my gaan: 'n Kerk wat 'n verskil maak in die lewens van ander, is 'n Jesus-kerk.





Die gemeentekamp was regtig 'n "fun"-naweek!

Dit was so lekker om ander gemeentelede te leer ken en met hulle te kuier.

Ons het nie eers geweet van die kinders nie, behalwe wanneer hulle honger was … en partykeer was daar selfs vir my gesê: "Mamma, ek is nie honger nie, ek het by Vétjie geëet." Ek het geweet die ander een sou kom inklok, want hy eet nie sommer enige iets nie.

Ek is baie bly volgende jaar se gemeentekamp gaan weer by Vloedbos wees. Dis so 'n lekker kampterrein, met soveel vir die kinders om te doen. Hulle het so lekker met almal gespeel!

Die oggende wat ons om 09:00 bymekaargekom en gesing en gesels het, was ook baie aangenaam.

Vloedbos gaan ons verseker volgende jaar weer sien!!



# GEMEENTEKAMP 2020



# DAMES-LENTETEE

## 19 OKTOBER 2019



Ongeveer 143 dames van NGK Parow-Panorama en omliggende gemeentes het in hulle beste pêrels, helder lentedrag en sakke vol babagoed opgedaag vir die Vrouebediening se Lentetee op Saterdag 12 Oktober 2019.

Rozanne Visagie, sangeres, liedjieskrywer en motiveringspreker, was die gasspreker. Sy het haar verhaal met ons gedeel en ons beslis 'n ander uitkyk op gebeure gegee.

Glynn Rosselli van Bless-a-Baby (Ministry of El Shaddai Christian Church), 'n organisasie wat pasgebore babas in die Wes-Kaap reeds vir meer as 17 jaar ondersteun, het ons meer kom vertel oor die wonderlike werk wat hulle daagliks doen en waarvoor al die skenkings van die Lentetee gaan.

Daar is trane gepik, baie gelag en lekker geëet aan die fyn eetgoedjies.

Dit was 'n geseënde en suksesvolle funksie en daar is baie breigoedjies vir babas, en toiletware vir die mammas en babas van Bless-a-Baby geskenk.

Baie dankie aan elke gasvrou vir julle insette, die mooimaak van jul tafels en die gesellige atmosfeer wat julle help skep het. En ook aan elkeen wat die tee bygewoon het: Baie dankie vir julle teenwoordigheid en bydrae tot so 'n suksesvolle geleentheid.

Foto's geneem deur Jeanne-Marie Gomes Photograpy.

















# KERKRAAD BEPLANNING

Die kerkraad is die afgelope jaar besig om saam te luister na die wil van die Here vir die gemeente. Die proses is begin deur te kyk na waar die gemeente op die oomblik is. Ons het deur middel van 'n bordspel 12 verskillende bedieningsareas geïdentifiseer en gekyk hoe ons huidige bedieninge daarmee vergelyk.

In 'n tweede rondte het ons gekyk na watter areas God ons nooi vir nuwe fokuspunte binne hierdie bedieninge. Ons het gou ontdek dat God ons nooi om 'n nuwe fokus op die gemeenskap om ons te plaas, maar ook te fokus op die nuwe jong gesinne in ons gemeente wat ons as gawe ontvang.

Die vraag wat hiermee saamgaan, is: "Waarom reik ons as gemeente dan nie uit na jong gesinne en ons gemeenskap nie?" Die rede is heel eenvoudig – omdat dit nie deel is van ons gemeente se kultuur nie.  Een ding is dus seker – as die kultuur in die gemeente nie verander nie, staan die meeste ander dinge ook stil.

Gevolglik het die kerkraad besluit om 'n kultuurtransformasie-proses te volg. Dit is groot woorde, maar beteken dat ons as gemeente gehelp word om nuwe gewoontes aan te leer, sodat die goed wat ons elke dag doen, in lyn sal wees met dit wat ons glo die Here ons voor roep. Vir dié proses is dit egter nodig om nie met hoorsê-dinge of duimsuig-feite te werk nie – ons moet seker wees dat ons weet wat die huidige kultuur is.

Daar is die afgelope kwartaal 'n groep saamgestel wat met 24 lidmate gesprekke gevoer het om die kultuur van ons gemeente te bepaal. Uit hul antwoorde word 'n verslag opgestel wat ons kan help. Ons sal in die volgende uitgawe van die *Quattro* meer inligting rakende hierdie onderwerp deel.

Terselfdertyd het ons ook 'n gemeenskap-analise gedoen om die nood en behoeftes in ons gemeenskap te ïdentifiseer. Hierdie proses is reeds afgehandel en het vir ons kosbare insigte gegee. Beide die verslae word eersdaags deur die kerkraad bestudeer om ons te help om te onderskei hoe God wil hê ons as gemeente moet groei en ontwikkel. Dis belangrik om te weet en ook te verstaan dat die proses ook op elke lidmaat se agenda moet wees. Daarom het ons in die vierde kwartaal besluit om 'n reeks te doen oor die wil van God. Elke lidmaat moet saam met die res van die gemeente onderskei waartoe God ons roep en hoe ons deel kan word van die werk wat God reeds besig is om in ons gemeente en gemeenskap te doen.

Ons wil vra dat jy saam met die kerkraad sal bly bid en onderskei sodat ons as gemeente in Sy wil en riglyne kan leef.

# #EK BLY in die NG Kerk

Die afgelope paar maande is daar ‘n nuwe energie onder Suid-Afrikaners om ‘n daadwerklike verskil in ons land te maak. Op sosiale media word jy verras deur die talle stories van hoop, verandering, nuwe maniere van leef en sovele wat hul stem laat hoor om in Suid-Afrika ‘n nuwe hoop te vestig. Dit is lekker om te lees hoe mense ‘n verskil maak. Wat my egter meer opgewonde maak, is dat dit in die meeste gevalle gelowiges is wat deur die Here geroep word om daar waar hulle werk, waar hulle woon, waar hulle oefen, kuier of ontspan hierdie nuwe lewe in te dra. Dit is soos die Heilige Gees wat in Handelinge die jong gelowiges oor die wêreld heen geneem het om die koninkryk van God te vestig. Die bewegings wat ons sien, is niks anders nie as die Gees van God wat nuwe lewe in ‘n droë en dor wêreld inblaas. Dis wonderlik dat God voortdurend sy kerk en elkeen van ons uitnooi om by die beweging van die Gees aan te sluit. Dit is wat ons in die kerktaal "missionaal" noem. Om God se beweging om ons te onderskei en daarby aan te sluit.

Die afgelope kwartaal het leiers van ons kerk bymekaargekom om te vra: "Here waar is U aan die werk?" Vir volgelinge van Jesus Christus is dit ‘n baie belangrike vraag. Ons wil die antwoord ken – nie om reg te wees nie, maar om te weet wat God se wil vir ons lewens is en om ons lewens daarby aan te sluit. Daarom is dit nog altyd vir ons belangrik om by die nood van mense en die opheffing en herstel van ons land betrokke te wees. Ons is dikwels moedeloos as ons in die koerante net van spesifieke sake lees en dan dink ons dit is al wat die kerk doen. Ons kerk het die afgelope jare leiding geneem in gesprekke oor godsdiens in skole, grondhervorming, onderwys, haatspraak, gendergeregtigheid, menswaardigheid, ekonomie, gesprekke met politieke leiers – om maar ‘n paar te noem.

Die konteks van ons land het geweldig geskuif die afgelope paar jaar en dit bring mee dat die wyse waarop predikante opgelei word, lidmate toegerus word en die plaaslike gemeentes in gemeenskappe leef, verander het. Ons kan nie meer dink oor die kerk soos in die verlede nie, omrede die veranderinge in die konteks van ons land so radikaal is. Van die sake waaroor ons in die volgende paar jaar nuut sal moet dink, is:

**1** Skrifverstaan: Die wyse hoe ons oor die Skrif praat, dink en ons roeping verstaan is diep beïnvloed. Ons sal mekaar in die volgende jare moet vashou rondom ons gebruik en uitleg van die Skrif. As gelowiges kan ons nie die Skif misbruik om ons opinies of standpunte te dryf nie. Ons sal verder en dieper moet dink oor die ontsluiting van die boodskap van die Skrif vir die tyd waarin ons leef.

**2** Nuwe gestaltes van die kerk (die kerk van die toekoms): Ons sal nuut moet dink oor die toekoms van die kerk. Nuwe gestaltes van die kerk, aanvullend tot die bestaande, is nodig om ruimtes te skep van gemeenskap, aanbidding en diensbaarheid. ‘n Veranderende gemeenskap vra om ‘n nuwe bedieningstrategie.

# #EK BLY in die NG Kerk

**3** Pastorale sorg: Suid-Afrika is 'n getraumatiseerde land. Voeg hierby die "normale" trauma wat mense ervaar met verliese van geliefdes, vernederings- en verwerping- ervarings en die behoefte aan die sorg en medelye van gelowiges met mense se lyding, word duidelik. Ons sal nuut moet dink oor hoe ons as gemeente mekaar en die gemeenskap kan versorg.

Finansiële en ekonomiese toekoms van gemeentes en gemeenskappe: Ons leef in uiters uitdagende tye en as kerk sal ons die druk van ons eie lidmate en die gemeenskap moet verreken. Die meeste gemeentes beskik nou oor minder finansiële bronne as voorheen. Dit noodsaak dat ons met die gemeentes om ons hande vat en so die bediening steeds uitbrei. **4**

**5** Ekumene, ekologie en eenheid: Samewerking met ander kerke raak toenemend 'n vereiste om 'n betekenisvolle impak te maak binne ons gemeenskap. Ons sal nuut moet dink oor hoe ons die skepping beskerm.

Menswaardigheid: Die liefdesgebod kry nuwe betekenis in ons land met sy veelkleurige kulture en dit maak ons bewus dat ons moet let op die wyse hoe ons teenoor mekaar optree. **6**

**7** Daar is 'n hernieude oplewing om die evangelie duidelik en helder te verkondig. Elke lidmaat is geroep om 'n getuie van God se genade te wees. Ons sal maniere moet vind om die Goeie Nuus te versprei op elke moontlike wyse.

Jonger leiers: Ons praat elke dag oor waar die jonger lidmate en leiers van ons kerk is. Die tyd het aangebreek dat ons hard sal moet werk om jonger lidmate in te trek by die gemeente. **8**

**9** Leierskap van lidmate: Daar sal nuut gedink moet word oor wat ons verwag van 'n lidmaat. Dit is nie meer genoeg om te sê dat ek Bybelskool voltooi het nie. Ons sal toegerus en opgelei moet word om as volgelinge van Jesus in die konteks van Suid-Afrika te leef.

Die veranderinge en onsekerheid waarin ons leef, maak baie mense, gelowiges en lidmate moedeloos. Hulle het hul vertroue verloor en daarom verlaat hulle die kerk. Daar is 'n negatiwiteit oor die leierskap en toekoms van ons land en die veranderinge. Ons word as kerk geroep om met waagmoed te leef. Ons, die kerk, is immers geroep om 'n lewegewende verskil te maak in Suid-Afrika en die Here skep die geleenthede vir ons om dit te doen. Daar is nie 'n beter tyd as waarin ons leef om 'n daadwerklike verskil te maak nie. Laat ons daarom elke geleentheid aangryp om te getuig van die Hoop wat in ons leef. Ek wil op geen ander plek wees nie as in die NG Kerk en in Suid-Afrika om deel te neem aan die verandering wat God reeds besig is om te bring.

# KERSBOODSKAP

Dis altyd 'n voorreg om aan die einde van nog 'n jaar terugskouend na die gebeure van die afgelope 12 maande te kyk, net om opnuut te besef dat God se kragtige werking in ons gemeente nooit ophou nie. Ons kan net dankie sê! Dankie dat ons op soveel maniere kon betrokke raak, vriende kon maak en God se liefde kon uitdeel. Die liefde wat hy deur Jesus Christus aan ons as genade geskenk gegee het. Die liefde wat ons elke dag in ons gemeente ervaar en beleef.

Mag julle elkeen 'n Christusfees vol vrede, vreugde en liefde ervaar saam met al die spesiale mense in julle lewens. Mag Jesus die middelpunt van al julle feesvieringe wees. En mag ons in 2020 voortgaan om God se liefde in en rondom ons gemeente te saai.

Die kerkraad van 2019



PAROW PANORAMA

God roep ons › God stuur ons

021 930 3100

Rembrandtsingel 14
Panorama
Parow
7500

@parowpanorama

SnapScan

**BANKBESONDERHEDE**

Rekeningnaam: NG Kerk Parow-Panorama
Bank: ABSA;
Tjekrekeningnommer: 390580495
Verwysing: Van & Projeknaam